LAERSKOOL **EVERSDAL** PRIMARY SCHOOL






# DIREKTE EN ADDISIONELE AREAS

## BYLAE A: DIREKTE EN ADDISIONELE AREAS

Die area wat hieronder geïdentifiseer is, word beskou as so nabygeleë aan die skool dat die uitsluiting van 'n leerder wat binne hierdie grense woon as onredelik, selfs onverdedigbaar, bestempel kon word; met uitsondering van spesifieke diskwalifiserende faktore, insluitende maar nie beperk tot die volgende: voldoen nie aan die ouderdomsnorm of akademiese vereistes vir toelating nie, aansoek is laat ingelewer of geïdentifiseerde gedragsversteuring. Die betrokke area sluit al die wonings en werkplekke in wat nader aan hierdie skool as aan enige ander een geleë is, indien die kortste begaanbare en billike roete van een plek na die ingangsplek van die skool gevolg word.

Voorkeurorde totdat die skool kapasiteit bereik het:

**A.** Wonings wat die naaste aan Laerskool Eversdal geleë is.
**B.** Broers en susters van een gesin, indien die broer/suster die komende jaar in die skool sal wees.
**C.** Werkplek wat die naaste aan Laerskool Eversdal geleë is.

Die volgende sluit voorbeelde van areas wat binne die geografiese area geleë is, in:

- **Naaste skool** (geografies die naaste aan die skool), bv. Everglen, Durbell, Eversdal, Chantecler, Stellenryk, Stellenberg, Glen Ive, Bethanie, Rosendal, East Rock, Silverstream.

- **Hierby ingesluit is ook sekere strate in die volgende woongebiede** (nie die naaste aan die skool), bv. Amanda Glen, Vredekloof, Vredekloof Heights, Stellenridge en Ridgeworth. (Hierdie ouers moet dit oorweeg om in te skryf by die skool wat die naaste aan hulle geleë is). **Vul asb. Bylae B in.**

- **Ander areas:** Hierdie aansoekers sal op 'n waglys geplaas word en ouers word aangemoedig om hul kinders ook by ander skole in te skryf. **Vul asb. Bylae B in**.

## BYLAE B: AANSOEKERS – BUITE DIREKTE (GEOGRAFIES DIE NAASTE SKOOL) GEBIED

**Sien Toelatingsbeleid op Webwerf.**

Voltooi asseblief die vorm.

1. Van en voorletters van ouer: ______________________________

2. Woonadres: ______________________________

   ______________________________

3. Naam / Name van leerling(e): ______________________________

   ______________________________

4. Redes waarom LAERSKOOL EVERSDAL oorweeg word as toekomstige skool:

   ______________________________

   ______________________________

   ______________________________

   ______________________________

5. Is ander gesinslede tans in die skool? ______________________________

   Vermeld besonderhede: ______________________________

   Is ander gesins- of familielede voorheen tot die skool toegelaat? ______________

   Vermeld besonderhede: ______________________________

6. Is u werksaam in enige van die genoemde gebiede in Bylae A? Indien ja, spesifiseer asseblief die adres:

   ______________________________

7. Watter skool is die naaste aan u woonadres? ______________________________

   Redes waarom hierdie skool nie oorweeg word nie.

   ______________________________

   ______________________________

8. Indien u aansoek gunstig oorweeg word, sou u behoefte aan hierdie skool se Nasorg-fasiliteite hê?

   ______________________________

9. Aanvaar u die verantwoordelikheid en onderneem u om die verpligte skoolgelde te betaal?

   ______________________________

10. Enige ander inligting wat vermeld moet word: ______________________________

    ______________________________

    ______________________________

    ______________________________

**<u>ONDERNEMING</u>**:

<u>Ek, ondergetekende, verstaan die volgende</u>:

Dat…

1. LAERSKOOL EVERSDAL die skool van my keuse is.
2. die skool nie noodwendig my naaste skool is nie.
3. die nodige reisreëlings tot die minste ontwrigting van my kind sal wees.
4. ek nie kan aanspraak maak op toelating nie aangesien hierdie aansoek deur die Beheerliggaam oorweeg sal word.
5. die beslissing van die Beheerliggaam finaal sal wees.
6. ek op 'n bepaalde tyd van toelating in kennis gestel sal word, nadat voorkeur aan leerders vanuit die direkte (geografies die naaste skool) gebied gegee is.
7. enige versuim om gehoor te gee aan bogenoemde bepalings, of enige valse verklarings my aansoek sal uitskakel.

**GETEKEN: OUER:** ______________________ **DATUM:** ______________________

**MNR. H. ARANGIES**
**LAERSKOOL EVERSDAL: SKOOLHOOF**

**MNR. R. VAN ZYL**
**BEHEERLIGGAAM: VOORSITTER**